Die benutting van opgeleide landboumannekrag in die staatsektor

G. van de Wall
Adjunk-direkteur-generaal, Departement Samewerking en Ontwikkeling

UITTREKSEL

Daar bestaan aanmerklike verskille tussen die aanwending van opgeleide mannekrag in die kommersiële en die minder ontwikkelde landbousektore. In die laasgenoemde geval moet daar ontwikkelingsfunksies vervul word wat nie onder die tradisionele staatsfunksies ressorteer nie om die oorgang van 'n bestaansekonomie na 'n gediversifiseerde geldekonomie te bewerkstellig. Die aanwending van voldoende opgeleide mannekrag in hierdie sektor is van besondere belang vir die uitvoering van staatsbeleid, maar dit wil voorkom asof die sektor proporsioneel nie sy regmatige aandeel aan die beskikbare opgeleide mannekrag kry nie.

Die belangrikste bron van aanvulling vir die tekort aan opgeleide mannekrag in hierdie sektor moet gesoek word in die geledere van die burgers van die onderskeie Swart state self, maar oor die kort- tot mediumtermyn sal sterk vakkundige ondersteuning uit die poel van ervare opgeleide landboukundiges nodig wees om die mannekrag wat uit hierdie bron gevind kan word, op te lei en doeltreffend aan te wend.

Verdere aanvulling kan gevind word in die wisselwerking tussen die staats- en private sektore, op voorwaarde dat die laasgenoemde sekere leemtes aanvul.

Hoewel die verhoging van doeltreffendheid in die aanwending van opgeleide mannekrag noodsaaklik is waar daar 'n mannekragtekort bestaan, het die tekort juis in die landbou se eiesoortige omstandighede die uitwerking dat dit tot ondoeltreffendheid lei.

ABSTRACT

The utilisation of agriculturally trained manpower in the public sector

Differences between the functions of the State in the commercial and in the less developed agricultural sectors give rise to significant differences in the application of trained manpower in the two sectors. In the latter case, the State has to fulfil developmental functions not normally recognised as traditional state functions so as to stimulate the transition from a subsistence to a diversified money economy. In terms of government policy it is of particular importance that adequate manpower be employed in this sector but it would appear that the number actually employed is disproportionally low.

The most important source from which to supplement the shortage can be found in the citizens of the Black states themselves. Over a medium to long term it will however be necessary to provide a strong professional support from the existing pool of experienced trained manpower to train inexperienced manpower and to utilize it effectively.

Additional sources could possibly be found in an interaction between the state and private sector, provided the latter eliminates certain discrepancies.

Increased efficiency in the utilization of trained manpower is obviously essential in a situation of manpower shortage. On the other hand the shortage in itself is a reason for inefficient utilization in the particular circumstances of agriculture.

1. INLEIDING

In die verlede was dit 'n algemene verskynsel dat die begrip 'mannekrag' in veral die direkte produksiesektor van die landbou gereduseer is tot die vlak van ongeskoolde of halfgeskoolde arbeid as een van die produksiefaktore grond, kapitaal, arbeid. 'n Verblydende kentering het in die onlangse verlede in hierdie siening ingetree: algemene erkenning is gegee aan die insig dat nie alleen getalle nie, maar in hoë mate ook die regte gehalte mannekrag die hoeksteen van enige bedryf, ook van die landboubedryf, uitmaak. Dit is immers so dat dit die mens is wat die grondstowwe en kapitaal moet manipuleer, nie andersom nie.

Dat daar nog 'n polemiek bestaan en vir 'n lang tyd seker sal voortbestaan oor die vlak en die aard van opleiding wat nodig is vir die voorbereiding van die regte gehalte mannekrag vir die landbou, en die rol wat formele en/of akademiese opleiding in dié proses moet speel, kan nie betwis word nie. Aan die een kant is daar die siening dat vaardighede en kundigheid alleen opgedoen kan word deur die praktiese belewenis van die invloed van die wispelturighede van die natuur op landbouproduksie.

Aan die ander kant van die skaal staan die voorstanders van gespesialiseerde na-skoolse opleiding, ook op akademiese vlak, vir besondere sektore van die bedryf. Dat die waarheid êrens tussen die twee of in een of ander kombinasie van die twee geleë is, het ek min twyfel oor want daar is meer as 'n sweem van waarheid in die een skool se beskuldigings van "boekkenners" en die ander se bewering dat die toepassing van nuwe tegnologie deur onkunde agterweë bly.

Maar dat onderwyspeil in die algemeen en landbouopleiding spesifiek die algemene kwaliteit

van mannekrag in die landbou aanmerklik gunstig kan beïnvloed, kan beslis nie betwyfel word nie. Dit hang vanselfsprekend saam met die spesifieke funksie binne die landboubedryf waarvoor die mannekrag aangewend word – die trekkeroperateur het immers nie die akademiese opleiding van die landbounavorser nodig nie. Feit bly egter dat, in die omstandighede van ons tyd, wat gekenmerk word deur 'n algemene geweeklaag oor die tekort aan opgeleide (of soos dit graag genoem word "hoëvlak") mannekrag, die landbousektor nie anders kan as om saam te sing in die koor nie en om ook te beplan vir die toekoms.

Verskeie ondersoeke is in die verlede en word steeds deurlopend deur instansies soos die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem om die mannekragbehoeftes van die landboubedryf in die algemeen te bepaal. Hierdie ondersoeke is insiggewend en die bevindinge in baie opsigte onrusbarend. Eerder as om, met die oog op toekomsbeplanning, die resultate en bevindinge van sodanige instansies te herhaal, wil ek my bepaal by enkele beredenerings oor die aanwending en benutting van landboukundige opgeleide mannekrag in die landbou.

Uiteraard, gesien die onderwerp wat aan my opgedra is, beperk ek my in hoofsaak tot die staatsektor van die landboubedryf, asook tot die aanwending en benutting van *opgeleide* mannekrag. Wat die vlak van opleiding betref, wil ek dit graag in hierdie konteks sien spesifiek as enige persoon wat een of ander vorm van formele landbouopleiding ondergaan het na standerd agt op skool, en wat 'n erkende sertifikaat of diploma daarvoor ontvang het. Dit sal aanstons duidelik word waarom standerd agt as die snyvlak gekies word.

Behalwe vir enkele opmerkings oor die aanwending van mannekrag in die staatsektor in die algemeen, gaan die beredenering verder in hoofsaak om die minder ontwikkelde landboubedryf soos dit in hoofsaaklik in die nasionale state beoefen word. In sommige opsigte sluit dit ook die onafhanklike state Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (die T.B.V.C.-lande) in, omdat hulle saam met die ander ook aansprake maak op die gemeenskaplike poel van opgeleide mannekrag. Dit sluit ook grootliks die aktiwiteit van die statutêre ontwikkelingskorporasies in die Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie-groep in.

2. DIE AANWENDING VAN OPGELEIDE MANNEKRAG IN DIE STAATSEKTOR

Daar bestaan binne die staatsektor in hoofsaak twee duidelik onderskeibare komponente wat diens lewer aan die landboubedryf in Suid-Afrika. Naas verskeie ooreenstemmende eienskappe, en naas die feit dat daar 'n groot mate van gemeenskaplike dienslewering onderling bestaan, verskil die twee komponente in sommige opsigte in groot mate van mekaar wat betref die aanwending van opgeleide mannekrag. Hierdie onderskeid is uiteraard gebore uit die basiese verskille tussen enersyds die kommersiële sektor van die landboubedryf in Suid-Afrika, en andersyds die tot dusver nog in hoë mate bestaanslandbou, wat hoofsaaklik in die nasionale state en die T.B.V.C.-lande bedryf word.

Wat hierdie verskille is, is in die konteks van hierdie referaat nie ter sprake nie, maar wel die verskille wat dit meebring in die aanwending van opgeleide mannekrag binne die twee komponente.

2.1 Die kommersiële landbousektor

Die kommersiële lanbousektor in Suid-Afrika tree binne 'n sterk kapitalistiese vryemarkstelsel op, waarin die rol van die staatsektor uiteraard beperk is tot

(a) beleidsbeplanning;
(b) administrasie en wetstoepassing ter uitvoering van beleid;
(c) lewering van 'n vakkundig/tegniese hulpdiens vir sover die private sektor dit nie of nie effektief kan lewer nie.

Dit is die tradisionele rol van die staatsektor in die landbou van 'n Westerse, kapitalistiese staatsbestel. Hoewel dit deur ander staats- of semistaatsinstellings in mindere of meerdere mate aangevul kan word (bv. in die voorsiening van 'n breë fisiese infrastruktuur soos paaie, krag, vervoer, kommunikasiemiddele, ens.) tree die staatsektor in geen noemenswaardige mate as verskaffer van direkte fisiese dienste aan die boer na vore nie. Teen die toetrede van die staat as ondernemer waak die private sektor, insluitende die boere, in elk geval self gewoonlik nougeset.

Die aanwending van opgeleide mannekrag word uiteraard bepaal deur die rol van die staatsektor in die kommersiële lanboubedryf. Sonder om te diep hierop in te gaan, kan kortliks verwys word na die feit dat die Republiek van Suid-Afrika naam gemaak het op die gebied van landbounavorsing in die wêreld – 'n terrein waarvan die finansiële las noodwendig op die staat afgewentel moes word. 'n Tweede terrein waarop die staat hom in hierdie sektor begewe het, is voorligting aan boere met die toepassing nie alleen van moderne tegnologie nie (in baie gevalle sou die vervaardigingsektor dit self kon of wou doen), maar veral ook voorligting ter wille van die uitvoering van staatsbeleid oor die landbou.

2.2 Die minder ontwikkelde lanbousektor

As daar in gedagte gehou word dat die minder ontwikkelde landbousektor nie in isolasie nie, maar, in die geval van Suid-Afrika, in werklikheid ook middein die kapitalistiese vryemarkstelsel bestaan, moet die staatsektor die rol wat reeds hierbo beskryf is, ook in hierdie sektor van die landboubedryf in Suid-Afrika vervul.

Die verskil kom daarby dat die staatsektor, benewens die rol van beleidsbeplanning, administrasie en lewering van vakkundige/tegniese hulpdienste, heelwat ander funksies in dié omstandighede moet vervul, waar hy hom dit ten doel stel om hierdie sektor van die landboubedryf uit sy onderontwikkeldheid op te hef.

2.1 Die kommersiële landbousektor

Die kommersiële lanbousektor in Suid-Afrika tree

binne 'n sterk kapitalistiese vryemarkstelsel op, waarin die rol van die staatsektor uiteraard beperk is tot

(a) beleidsbeplanning;
(b) administrasie en wetstoepassing ter uitvoering van beleid;
(c) lewering van 'n vakkundig/tegniese hulpdiens vir sover die private sektor dit nie of nie effektief kan lewer nie.

Dit is die tradisionele rol van die staatsektor in die landbou van 'n Westerse, kapitalistiese staatsbestel. Hoewel dit deur ander staats- of semistaatsinstellings in mindere of meerdere mate aangevul kan word (bv. in die voorsiening van 'n breë fisiese infrastruktuur soos paaie, krag, vervoer, kommunikasiemiddele, ens.) tree die staatsektor in geen noemenswaardige mate as verskaffer van direkte fisiese dienste aan die boer na vore nie. Teen die toetrede van die staat as ondernemer waak die private sektor, insluitende die boere, in elk geval self gewoonlik nougeset.

Die aanwending van opgeleide mannekrag word uiteraard bepaal deur die rol van die staatsektor in die kommersiële lanboubedryf. Sonder om te diep hierop in te gaan, kan kortliks verwys word na die feit dat die Republiek van Suid-Afrika naam gemaak het op die gebied van landbounavorsing in die wêreld – 'n terrein waarvan die finansiële las noodwendig op die staats afgewentel moes word. 'n Tweede terrein waarop die staat hom in hierdie sektor begewe het, is voorligting aan boere met die toepassing nie alleen van moderne tegnologie nie (in baie gevalle sou die vervaardigingsektor dit self kon of wou doen), maar veral ook voorligting ter wille van die uitvoering van staatsbeleid oor die landbou.

2.2 Die minder ontwikkelde lanbousektor

As daar in gedagte gehou word dat die minder ontwikkelde lanbousektor nie in isolasie nie, maar, in die geval van Suid-Afrika, in werklikheid ook midde-in die kapitalistiese vryemarkstelsel bestaan, moet die staatsektor die rol wat reeds hierbo beskryf is, ook in hierdie sektor van die landboubedryf in Suid-Afrika vervul.

Die verskil kom daarby dat die staatsektor, benewens die rol van beleidsbeplanning, administrasie en lewering van vakkundige/tegniese hulpdienste, heelwat ander funksies in dié omstandighede moet vervul, waar hy hom dit ten doel stel om hierdie sektor van die landboubedryf uit sy onderontwikkeldheid op te hef.

(a) Eerstens moet die Staat op watter vlak ookal, veel meer gemoeid raak by direkte diensverskaffing, insluitende die voorsiening van 'n landbou-infrastruktuur op plaasvlak. Dit is byvoorbeeld ondenkbaar, beide in ekonomiese as in fisiese sin, dat elke individuele hoewe-eienaar sy eie watervoorraad, sy eie kampomheinings, ens. kan voorsien.
(b) Tweedens moet die Staat in veel groter mate as ondernemer toetree, veral om twee redes:
   – om ontwikkeling te stimuleer deur skemas te loods as demonstrasie of as kernontwikkelingspunte – kortom, om as "pump-primer" vir ontwikkeling op te tree;
   – om dié kapitaalintensiewe en/of langtermyn-ondernemings aan te voor wat vir gebalanseerde ontwikkeling nodig is, en waarvoor bestaansekonomie nie die kapitaal of die ondernemingskap kan voorsien nie – bosbouondernemings is 'n goeie voorbeeld hiervan.
(c) Die Staat moet noodwendig ook in veel groter mate direk betrokke raak by die organisasie van die landbougemeenskap en moet in der waarheid die leiding daar neem om produksie- en/of bemarkingseenhede te skep wat die moderne tegnologie kan akkommodeer.
(d) Die Staat moet nie alleen 'n tegniese/vakkundige hulp en adviesdiens lewer ter bevordering van die toepassing van die moderne tegnologie nie, maar hy moet aktief, positief en direk hulp verleen in die werklike toepassing self. Die onervare boer of boeregroep moet in der waarheid aan die hand geneem en gelei word in die ervaringsveld van die kommersiële lanbou met sy hoë tegnologiese, ekonomiese en bestuursvereistes.

Dat daar kritiek kan wees teen hierdie funksies van die Staat in 'n ontwikkelende landbousektor, op grond daarvan dat dit bots met die begrip van 'n vrye kapitalistiese stelsel, wil ek allermins betwis. Om in besonderhede op die regverdiging daarvan in te gaan is nie hier ter sake nie en daar kan volstaan word met die stelling dat, tensy die Staat op hierdie wyse en met omsigtigheid en deurdagtheid die bestaansboerdery se voet op die pad na die kapitalistiese stelsel plaas, die alternatiewe veel minder aanvaarbaar sal wees.

3. MANNEKRAGVEREISTES IN DIE MINDER ONTWIKKELDE LANBOUSEKTOR

Dit moet dus duidelik wees dat die verskille in rol en funksies van die staatsektor in die verskillende omstandighede ook beduidende verskille moet meebring in die wyse waarop opgeleide mannekrag in die twee gevalle aangewend word. Afgesien van enige ander verskille, is daar een faktor wat in dié verband dikwels onder die loep kom. Dit is dat dit wil voorkom asof die mannekragvereistes om dieselfde produksiedoel te bereik hoër is vanweë die laer vlak van ondernemerskap van die landbouer in die minder ontwikkelde sektor. In die huidige omstandighede van 'n nypende mannekragtekort in alle sektore van die landsekonomie en die gevolglike algemene besorgdheid oor die mees effektiewe aanwending van die beskikbare mannekrag, ontstaan die vraag noodwendig of dit voordelig is om mannekrag in groot mate in dié sektor aan te wend.

In die eerste plek kan die stelling dat die mannekragbehoeftes per eenheid produksie hoër is, nie heeltemal ongekwalifiseerd aanvaar word nie. Die dienste wat gelewer moet word, is wel meer en verg dus meer mannekrag, maar die potensiaal vir produksieverhoging is minstens proporsioneel soveel groter vanweë die feit dat die beginvlak soveel laer is, terwyl die optimum minstens gelyk is.

Tweedens sou 'n mens dit in twyfel wou trek of

produksieverhoging die enigste of selfs 'n belangrike maatstaf moet wees waaraan die effektiewe aanwending van mannekrag gemeet moet word. Veel geldiger maatstawwe waaraan dit gemeet kan word, sou dié wees wat gekoppel is aan die doelwitte van die Staat in die aanwending onder andere van mannekrag as een van die instrumente in die uitvoering van sy breëre staatsbeleid.

Hierdie doelwitte is veral op drie terreine geleë:
- polities/staatkundig;
- ekonomies;
- maatskaplik.

Die Staat se beleid met betrekking tot die geleiding van die verskillende Swart volkere tot staatkundige selfstandigheid en onafhanklikheid is welbekend en behoef geen verdere beredenering nie. Wat egter van belang is, is eerstens die invloed wat landbouontwikkeling op hierdie proses het, en tweedens die relatiewe prioriteit wat die gesamentlike proses in staatsdoelwitte geniet.

Dit is vandag 'n gemeenplaas dat staatkundige selfstandigheid en onafhanklikheid grootliks sonder inhoud sal wees as dit nie gerugsteun word deur 'n stewige ekonomiese onderbou nie.

Ewe-eens is dit 'n gemeenplaas dat enige ekonomiese ontwikkeling in die minder ontwikkelde gebiede op landbou gehou moet word. Dit word allerweë bevestig deur die uitsprake van leiers in beide die openbare en private sektore hier te lande en in die Westerse lande wat ontwikkelingshulp in Afrika verleen. Ons eie ervaring toon ook dat die landbou in der waarheid die lanseerplatform van die vuurpyl van ekonomiese ontwikkeling moet wees vir die ontwikkeling om organies en selfgenererend te wees.

Derdens kan landbouontwikkeling ook 'n besondere bydrae lewer tot die maatskaplike ontwikkeling en opheffing van die mens, nie alleen in materiële sin nie, maar ook geestelik en wat sy kennis en vaardighede betref. Die landbou is die ideale leerskool waarin begrip vir en vaardigheid in die diversifikasie van die gemeenskapsaktiwiteite en sy ekonomiese onderbou aangeleer kan word, want dit is die enigste ekonomiese aktiwiteit wat spontaan in die tradisionele gemeenskap ontstaan het. Deur modernisering en diversifikasie van die landbousektor en die organisatoriese infrastruktuur daaraan verbonde, kan die landelike bevolking 'n belangrike voedingsbron van ondernemerskap en bestuursvernuf, ook vir ander sektore van die ekonomie, vorm.

'n Laaste faktor wat in dié verband van belang is, is die rol wat die landbou moet speel in die oorgang van 'n enkelvoudige bestaansekonomie na 'n gediversifiseerde geld en markekonomie – 'n proses wat tyd neem. In dié tydperk moet die landbou steeds die kardinale funksie vervul om die groot meerderheid van die ekonomies bedrywige bevolking op so 'n wyse te akkommodeer dat hulle ook deel in die algemene vooruitgang van die land. Daarin sal die landbou egter nie slaag as hy stagnant bly nie, maar dit moet ontwikkel sodat daar tasbare en sigbare vooruitgang is vir diegene wat daarby betrokke is.

Gesien teen die agtergrond van hierdie doelwitte van die Staat, is die aanwending van voldoende mannekrag in hierdie sektor van die grootste belang, veral as in ag geneem word dat die taak om die nasionale state te ontwikkel, as een van die land se hoogste prioriteite beskou word.

As dit so is, sou 'n mens verwag dat 'n redelike gedeelte van die beskikbare in landbou opgeleide mannekrag van die land wel in hierdie sektor aangewend moet word, want 'n staat se verklaarde beleid moet uiteraard gestalte vind in die instrumente van regering waarvan mannekragtoebedeling een is.

Om te kan oordeel of dit wel so is, sou 'n mens eerstens moet probeer bepaal wat as "'n redelike gedeelte" beskou kan word. Daarvoor kan verskillende maatstawwe aangewend word:
- Die berekende landbouproduksiepotensiaal van die huidige nasionale state beloop nagenoeg 12 – 13% van die totaal van die Republiek van Suid-Afrika. As die T.B.V.C.-lande hierby ingereken word, kom dit op meer as 23% te staan.
- Die totale oppervlakte van die selfregerende state sal, na konsolidasie, op 8 – 9% van die totaal te staan kom. Insluiting van die T.B.V.C.-lande bring die syfer op nagenoeg 16 – 17% te staan.
- Die huidige werklike produksie in geldwaarde van die selfregerende en onafhanklike state beloop nagenoeg 6 – 7% van die land se jaarlikse totaal.

Dit wil voorkom of die aanwending van meer as 20% van die opgeleide mannekrag in hierdie sektor geregverdig sou wees gesien teen die omvang van die behoefte en die Staat se beleid.

Daarteenoor is die posisie tans soos volg:
- Volgens beskikbare inligting afgelei uit Goosen[1] se verslag oor die loonstruktuur van gegradueerde Blanke mans in 1981, is slegs sowat 1,7% van die Blanke landbougegradueerdes in die land werksaam in hierdie sektor.
- 'n Berekening van die persentasie tegnies of dergelik gekwalifiseerde persone wat in die sektor aangewend word, is moeiliker, maar beramings, afgelei uit verskeie bronne, dui op 'n syfer van nie meer as 4% van die Blanke mans nie. Saam met gegradueerdes beloop die totaal naastenby 2,5%.

Dit blyk dus dat hierdie sektor van die landboubedryf verreweg nie oor sy regmatige aandeel aan opgeleide mannekrag beskik nie. Al word daar aanvaar dat daar in die algemeen 'n tekort aan opgeleide mannekrag in die land as geheel is, dui die bostaande syfers nogtans aan dat, van die opgeleide mannekrag wat daar wel is, slegs 'n heel ontoereikende gedeelte in hierdie sektor tereg kom.

Die oorsaak hiervan kan waarskynlik deels gevind word daarin dat die staatsektor in die algemeen probleme ondervind om 'n redelike proporsie aan mannekrag te bekom, vanweë 'n verskeidenheid redes, onder meer die algemeen bekende verskille in besoldigingsvlak tussen die openbare en private sektore. Dit is ook moontlik dat daar selfs binne die staatsektor nie 'n eweredige verdeling van die beskikbare mannekrag is nie.

Dit sou 'n oorvereenvoudiging wees om die oplossing vir die minder ontwikkelde landbousektor te

soek slegs langs die weg van verbetering van besoldiging en diensvoorwaardes binne die staatsektor. Of dit nodig of wenslik is of nie, word nie in hierdie referaat bespreek nie. Daar word volstaan by die stelling dat, al sou die staat daartoe in staat wees om sy regmatige aandeel aan die beskikbare mannekrag te bekom en al sou daar 'n eweredige verdeling van mannekrag binne die staatsektor wees, sou daar steeds in die heersende mannekragsituasie van die land, 'n ernstige tekort aan opgeleide mannekrag wees, wat sal vererger indien aanvullende mannekrag nie gevind word nie.

4. DIE MOONTLIKE AANVULLING VAN OPGELEIDE MANNEKRAG IN DIE MINDER ONTWIKKELDE LANDBOUSEKTOR

In die Republiek van Suid-Afrika is aanvulling uit twee bronne moontlik:

- Invoer of immigrasie, wat sekerlik 'n welkome bydrae kan maak, wat ookal die omvang daarvan mag wees.
- Opleiding van Swart landbouers vir aanwending in wat hulle eie en eiesoortige landbousektor is.

Wat laasgenoemde bron betref, is die volgende faktore van belang:

(a) Hoewel daar reeds sedert 1965 fasiliteite bestaan vir universiteitsopleiding vir Swartes in die landbou, is die getalle wat sedertdien gegradueer het, minimaal in verhouding met die behoefte, en die aantal wat hulle dienste in die openbare sektor aanbied, is nog kleiner.

(b) Daar is reeds 'n beduidende aantal Swart landbouamptenare, met 'n diploma-opleiding na standerd agt, werksaam in die Departemente van Landbou van die nasionale state en die T.B.V.C.-lande. Aanduidings is dat die aantal 1 000 oorskry. Opleidingsfasiliteite vir sodanige beamptes bestaan by landboukolleges met 'n kapasiteit om meer as 200 gediplomeerdes per jaar te lewer. Die fasiliteite word steeds uitgebrei, beide wat getalle betref as die verskeidenheid gespesialiseerde kursusse wat aangebied word. Geleidelik word die standaard van opleiding ook verhoog en in die meeste gevalle is die toetredingskwalifikasie in die praktyk reeds van standerd agt tot standerd tien verhoog.

Hierdie bron van aanvulling van opgeleide mannekrag hou dus 'n groot potensiaal in om, ten minste ten opsigte van die minder ontwikkelde landbousektor, 'n betekenisvolle bydrae ter aanvulling van die mannekragtekort te lewer. Om effektief te wees sal aan enkele belangrike vereistes voldoen moet word:

(i) Die getal gegradueerdes sal aansienlik groter moet wees om oor die medium- tot langtermyn 'n balans te verkry met die aantal gediplomeerdes en tegnies opgeleide persone.

(ii) Die bestaande wanbalans tussen vakkundiges en tegnies opgeleides of gediplomeerdes, sal ter aanvang eenmalig reggestel moet word, noodwendig hoofsaaklik uit Blanke geledere, anders kan die benutting van die bestaande gediplomeerdes nie tot sy reg kom nie, en is selfs dié wat reeds beskikbaar is, slegs in geringe mate *landboukundig* bruikbaar. As die Swart gediplomeerdes bygereken word by die getalle waarop die persentasie hierbo gebaseer is, is die verhouding tussen vakkundiges en gediplomeerdes nagenoeg 1 : 12 tot 1 : 14. Dan sluit dit die totale hiërargie in, ook die vakkundiges in bestuursposte. So 'n verhouding is hoegenaamd nie bevredigend vir doeltreffende opleiding of leidinggewing aan gediplomeerdes nie, met die gevolg dat hulle dienste glad nie bevredigend aangewend kan word nie. Dit geld veral as die probleem verbonde aan die oordrag van tegnologie oor kultuurgrense heen in ag geneem word.

(iii) Die vlak van opleiding sal deurlopend opgradeer moet word in verhouding, enersyds, tot die vordering wat daar gemaak word met die algemene skoolopleiding, en, andersyds, die vordering met die diversifikasie en kommersialisasie van die bestaande grondgebruikspatrone.

(iv) Bestaande Swart personeel sal deurlopend intensiewe indiensopleiding moet ontvang om dieselfde redes as by (iii) genoem. Dit is op sigself stel natuurlik weer verdere eise aan die beskikbaarheid van vakkundige mannekrag.

Die aanvulling, in toenemende mate, van die mannekrag in hierdie bepaalde deel van die staatsektor uit die geledere van Swartes self, sou verder ook strook met die algemene benadering dat elke volksgroep gelei en opgelei moet word om sy eie sake te behartig.

Maar die gevolgtrekking waartoe noodwendig geraak moet word, is dat, oor minstens die kort termyn, hierdie sektor nog groot eise gaan stel aan die bestaande poel van landbou opgeleide mannekrag in Suid-Afrika as die gewenste omvang en tempo van ontwikkeling bereik wil word.

5. DIE AARD VAN OPLEIDING

Die tyd laat nie toe dat daar volledig op hierdie aspek ingegaan word nie en daar word volstaan met 'n enkele opmerking wat die benutting van mannekrag betref. Dit hou verband met die meer uitgebreide rol en funksies van die staatsektor in die minder ontwikkelde landbou, wat meebring dat daar ruimte is vir die aanwending van mannekrag wat in 'n groter verskeidenheid rigtings en op verskillende vlakke opgelei is. Naas die konvensionele gegradueerdes en gediplomeerdes is ook bedryfsbestuurders met aanleg, opleiding en/of ervaring op die terrein nodig. Daarteenoor is die behoefte aan navorsers in hierdie stadium miskien minder aktueel vanweë die feit dat die oorvleueling van dienslewering met ander departemente van die Staatsektor in 'n tyd van mannekragtekort ten alle koste vermy moet word. Daarom word daar tans weinig werklike landbounavorsing, behalwe noodsaaklike plekgebonde navorsing in die nasionale state gedoen, hoewel daar verwag kan word dat – namate selfstandigheid met en na onafhanklikheid toeneem – die instelling van eie navorsingsfasiliteite 'n al belangriker behoefte sal word.

Hierdie faktor, naamlik die groter verskeidenheid van opleidingsvereistes, hou in dat die poel van mannekrag wat benut kan word, groter kan wees as in ander staatsektore. Ongelukkig is dit ook so dat dit juis hierdie tipe mannekrag is wat in die private sektor in aanvraag is.

6. WISSELWERKING TUSSEN DIE STAAT EN DIE PRIVATE SEKTOR

Die klem wat daar in die jongste verlede in regeringskringe gelê word op die samewerking tussen die staat en die private sektor, open die moontlikhede om in toenemende mate 'n aanvulling van die mannekragtekort in die staatsektor, te vind in wisselwerking tussen die twee sektore. Dit is geen nuwigheid in die staatsektor nie, want in ander professies soos die ingenieurswese, argitektuur, ens. is dit 'n alledaagse verskynsel dat private praktisyns deur die Staat aangestel word vir die lewering van professionele dienste ten opsigte van skemas en projekte wat deur die Staat gefinansier word.

In die geval van die landbou was dit in die verlede minder gebruiklik, moontlik hoofsaaklik vanweë die feit dat die Staat in mindere mate direkte dienste aan die landbou gelewer het. In die jongste tyd het hierdie gebruik aansienlik toegeneem, veral ten opsigte van hulpbronontleding en grondgebruiksbeplanning.

Die stelsel is nie sonder probleme nie. In die eerste plek het die toenemende gebruik deur die Staat van private konsultante dikwels die uitwerking dat nog meer van die Staat se uitgedunde mannekrag sy diens verlaat en by hierdie groepe aansluit. Tweedens bestaan daar vir hierdie professionele groep nog geen kode van optrede of eenvormige tariefskaal, soos in die geval van ander professionele groepe nie. Daardeur word onderhandeling met hulle aansienlik bemoeilik. Derdens is dit in die geval van die landbou veel moeiliker om 'n behoeftelys te spesifiseer as in die geval van ander professies, aangesien daar veel meer veranderlikes voorkom.

Ondanks dié probleme sou hierdie wisselwerking wel in toenemende mate 'n aanvullingsbron vir die mannekragtekort in die staatsektor kan wees, indien die professie sy eie huis in orde bring.

7. DOELTREFFENDHEID VAN MANNEKRAGBENUTTING

Die gemiddelde staatsamptenaar, en dit sluit die in wat in landbou opgelei is, is teen hierdie tyd al redelik kopsku vir beskuldigings dat iets ernstig skort in sy doeltreffendheid en werkywer. Ek wil my nie in hierdie polemiek begewe met meer as net die stelling dat sodanige beskuldigings sekerlik geen aandag verdien as dit nie kan aantoon in watter opsig daar ondoeltreffendheid bestaan nie.

Wat wel aandag verdien, is enkele faktore wat in die huidige situasie van mannekragtekort ondoeltreffendheid in die hand kan werk of wel in die hand werk:

(a) Waar daar gevalle van ernstige onderbemanning bestaan, noop dit die beskikbare personeel dikwels om met meer spoed as wat wenslik is, te werk en daardeur aan kwaliteit in te boet.

(b) 'n Wanverhouding tussen vakkundige, tegniese en administratiewe personeel bring mee dat baie van die tyd van die opgeleide mannekrag aangewend moet word om werk te doen wat nie by hulle opleiding inpas nie. Ebersohn[2] het byvoorbeeld in 1973 bevind dat, na die mening van landbouvakkundiges, 36% van die werk wat hulle doen, deur tegnici gedoen sou kon word.

(c) Ernstige onderbemanning in een gespesialiseerde vakdissipline kortwiek of vertraag dikwels die werk in ander dissiplines, wat nie kan voortgaan sonder dat of alvorens die bydraes van die eersgenoemde gelewer is nie.

(d) 'n Derglike onewewigtige onderbemanning bemoeilik en maak dit in sommige opsigte onmoontlik, om behoorlike vooruitbeplanning te doen, en veroorsaak dus 'n *ad hoc*-optrede.

LITERATUURVERWYSINGS

1. Goosen, A. (1981). *Die loonstruktuur van gegradueerde Blanke mans in 1981*. Verslag MN – 84, Instituut vir Mannekragnavorsing, RGN, Pretoria.
2. Ebersohn, D. (1977). *Die landbougegradueerdes van die RSA in 1973*. Verslag MN – 64, Instituut vir Mannekragnavorsing, RGN, Pretoria.